## 12 Mei — Habakuk 3

### *Die Here leer jou om verder te kyk as die sigbare werklikheid*

Nadat die Here Habakuk geantwoord het, reageer hy daarop met 'n toe mond (2:20). Al sy vrae en verwyte het opgedroog. Hy sien nie meer net die skyn-voorspoed van die ongelowiges raak nie. Hy kyk nou dieper en verder en hy sien die Here raak in sy heilige tempel. Hy is vervul met ontsag oor alles wat hy van die Here gehoor en vir dit wat Hy gedoen het (3:2).

Hy gaan die wrede Galdeërs straf. Maar Hy gaan ook sy volk verlos, ondanks hulle ontrouheid, soos Hy dikwels in die verlede gedoen het. Habakuk is so oorweldig daardeur dat hy begin bewe. Al wat hy nou raaksien, is die Here Self, sy grootheid en sy almag en ook die rykdom van sy genade. Hy verwyt nie meer nie, maar hy wag geduldig op die dag waarop die Here kom om te verlos. Dit bring hom ook tot die belydenis dat al verloor hy alles in die lewe, al word selfs sy brood en botter uit sy mond geneem, sal hy nogtans in die Here jubel (3:17-18).

So wil die Here jou deur Habakuk leer en lei om verder te kyk as jou sigbare omstandighede in hierdie lewe en om die rykdom raak te sien wat daar by Hom is. Deur Jesus Christus is jy sy verloste kind en het jy reeds die ewige lewe ontvang. Al word alles van jou weggeneem, kan hierdie rykdom nie van jou weggeneem word nie.

Sing: Skrifberyming 24:1, 3, 7 — Ds. C. Krüger (Nelspruit)